

Die Lewende Kerk



'n Lewe van Oorwinning

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 6 Desember 2015

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds. Stephan Briel

Lees: Mat 5: 1-12.

Fokus: Mat 5: 3 (OAV).

Ontwikkeling van 'n dienskneg gesindheid: Nederigheid.

Omgee:

- Baie geluk aan Willie en Nolene van der Merwe met die geboorte van hulle baba seuntjie.
- Beide Dirkie Snyman en Carla van den Heever se pa's is siek met kanker.
- Beide Sarie Schoeman en Corrie Erasmus se broers is ernstig siek met kanker.
- Ons dank die Here vir die reën van die afgelope week!
- Mag almal wat met vakansie gaan reis veilig wees op die paaie en mag dié wat tuisbly ook heerlik uitrus.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/die erediens.

Afkondigings: ☀

- Spesiale dienste gedurende Desember: Ds Stephan preek DV tydens die **Geloftediens** op 16 Desember om 09:00 by Waterval feesterrein. Ons gemeente se **Kersdiens** vind op 25 Desember om 08:00 plaas in ons kerkgebou.
- **Annette Müller en Elma Mulder** vra asseblief dat die dames wat volgende jaar steeds kan voortgaan om te **help met teeskink en ander funksies** én dames wat wil aansluit by hulle vir Annette by 082 449 2234 of Elma by 082 416 4138 sal laat weet. Indien jy wil, is daar 'n vormpie wat ingevul kan word agter in die kerk.

Kantoor

- Ons rig 'n dringende versoek vir enige lidmaat wat bereid is om opgelei te word om te help met die bedien van die **rekenaar tydens eredienste**. Op die oomblik is eintlik net Alda van de Vyver oor vir diens in die skoolkwartaal. Sê vir Ankie of ds. Stephan asseblief as jy wil help.
- Ons kantoor sluit vir die vakansie vanaf 11 Des 2015 en sal DV hervat op 5 Jan 2016.

Die Lewende Woord Vir Jou Vandag

Prediker: Ds Stephan Briel

Lees: Mat 5: 1-12.

Fokus: Mat 5: 3 (OAV).

Ontwikkeling van 'n dienskneg gesindheid: Nederigheid.

Ontwikkeling van 'n **dienskneg gesindheid** deur:

Honger vir geregtigheid (v 6)

Sagmoedigheid (v 5)

Treur (v 4)

Nederigheid (v 3)

Ontwikkeling van 'n **dienskneg optrede** deur:

Vervolg word (v 10-12)

Vredemaker (v 9)

Rein wees (v 8)

Barmhartigheid (v 7)

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Wat beteken dit om *salig* of *geseënd* te wees?
- Wat se Messias het die Jode verwag?
- Wat het Jesus Christus se Messiasskap gekenmerk?
- Verduidelik die verskil tussen hoogmoed en nederigheid.

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

07/12 GERHARD BOTHA	083 537 9770	011 477 4971
07/12 JOHAN VAN JAARVELD	082 652 0330	011 782 3825
12/12 LIEZL VAN HEERDEN	081 588 2209	

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebedsriglyne – uit vers@vers ‘n dag

“Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Lukas 11:9

Jesus het so pas sy dissipels leer bid. Hy het hulle (en vir ons) geleer dat God hulle Vader is en dat sy kinders direk tot Hom kan nader.

En dan om hierdie punt te beklemtoon, vertel Hy 'n gelykenis. Stel jou voor jy gaan in die middel van die nag na 'n vriend se huis toe om drie brode te gaan leen. 'n Ander een van jou vriende het by jou opgedaag na 'n lang reis en jy het geen kos om vir hom te gee nie.

Die vriend waar jy om hulp gaan aanklop en sy gesin is egter reeds in die bed en hy weier om op te staan om jou te help. Jy is egter so desperaat vir hulp dat jy aanhou klop en pleit dat hy jou moet help. Uiteindelik staan hy op om vir jou die brood te gee, nie omdat jy sy vriend is nie, maar omdat hy wil hê jy moet ophou om sy huishouding te steur.

Hoe geseënd is ons nie dat ons 'n Vader in die hemel het na wie toe ons enige tyd van die dag of nag kan gaan. 'n Vader wat ons nie as 'n steurnis beskou nie, maar wat altyd gereed is om te luister en in ons beste belang op te tree. 'n Vader wat die groter prentjie sien en ons nie noodwendig altyd ons sin gee nie. Net soos ouers hulle kinders beskerm deur nie vir hulle iets te gee wat hulle kan seermaak nie, so ook beskerm God ons Vader ons teen onself deur nie dit wat Hy weet tot ons uiteindelijke nadeel is, vir ons te gee nie.

Jesus was volkome gehoorsaam aan die wil van sy Vader. Hy leer ons dit in die Onse Vader-gebed en weer wanneer Hy in die tuin van Getsemane bid: “Vader, as U wil, neem tog hierdie lydenskoper van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!” (Lukas 22:42)

Ons moet voortdurend bid om God se wil vir ons lewens te soek.

*Gebed: Hemelse Vader, gee dat u Heilige Gees voortdurend u wil aan my sal openbaar sodat ek U deur my lewe kan verheerlik deur Jesus Christus, u Seun.
Amen*

“Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Lukas 11:9

Jesus het so pas sy dissipels leer bid. Hy het hulle (en vir ons) geleer dat God hulle Vader is en dat sy kinders direk tot Hom kan nader.

En dan om hierdie punt te beklemtoon, vertel Hy 'n gelykenis. Stel jou voor jy gaan in die middel van die nag na 'n vriend se huis toe om drie brode te gaan leen. 'n Ander een van jou vriende het by jou opgedaag na 'n lang reis en jy het geen kos om vir hom te gee nie.

Die vriend waar jy om hulp gaan aanklop en sy gesin is egter reeds in die bed en hy weier om op te staan om jou te help. Jy is egter so desperaat vir hulp dat jy aanhou klop en pleit dat hy jou moet help. Uiteindelik staan hy op om vir jou die brood te gee, nie omdat jy sy vriend is nie, maar omdat hy wil hê jy moet ophou om sy huishouding te steur.

Hoe geseënd is ons nie dat ons 'n Vader in die hemel het na wie toe ons enige tyd van die dag of nag kan gaan. 'n Vader wat ons nie as 'n steurnis beskou nie, maar wat altyd gereed is om te luister en in ons beste belang op te tree. 'n Vader wat die groter prentjie sien en ons nie noodwendig altyd ons sin gee nie. Net soos ouers hulle kinders beskerm deur nie vir hulle iets te gee wat hulle kan seermaak nie, so ook beskerm God ons Vader ons teen onself deur nie dit wat Hy weet tot ons uiteindelijke nadeel is, vir ons te gee nie.

Jesus was volkome gehoorsaam aan die wil van sy Vader. Hy leer ons dit in die Onse Vader-gebed en weer wanneer Hy in die tuin van Getsemane bid: “Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!” (Lukas 22:42)

Ons moet voortdurend bid om God se wil vir ons lewens te soek.

*Gebed: Hemelse Vader, gee dat u Heilige Gees voortdurend u wil aan my sal openbaar sodat ek U deur my lewe kan verheerlik deur Jesus Christus, u Seun.
Amen*

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.
180 350 349